# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

### Groete aan al die Rynie huisgesinne!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Februarie 2026 het aangebreek na 'n lang Januarie! Februarie is ook die laaste maand van somer voordat herfs aanbreek in Maart. As die eerste maand van 'n jaar verby is, vlieg die tyd normaalweg en Desember is vinniger op ons as wat mens dink.

Daar is egter 'n pragtige jaar wat voorlê om te geniet en hard te werk.




Mense is soms geneig om hulle lewens om te wens en te hoop dat Desember vinnig aanbreek terwyl daar 'n hele jaar is om na uit te sien. Geniet dus elke dag van 2026 en maak die beste van die jaar!

Volgende week vind die atletiek Interlaer byeenkoms plaas. Ons wens al die afrigters en atlete sterkte toe! Ons weet dit gaan taai wees maar ons het hard gewerk en vertrou dat dit goed sal gaan met die Rynies. Ons het veral respek vir atlete wat bereid is om aan verskeie items deel te neem vir die skool op die 2 dae, ons het elke punt nodig.



*Die seun en dogter wat die meeste punte aanteken vir die skool tydens die Interlaer word aangewys as Victor en Victrix ludorum en ontvang hulle toekennings tydens die prysuitdeling.* **Reëlings vir die atletiek volgende week is soos volg.**

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## Interlaer atletiek reëlings:



**Dinsdag 10 Februarie 2026**

**Velditems finale en baanitems uitdunne**

- Program begin om 12:00 ( Diskus en spiesgooi begin om 08:00 by H/S Brandwag)
- Plek: Farrarmere Primary school
- **Skool sluit om 11:00** vir al die Gr 1-7 leerders aangesien heelwat personeel afrigters is en as beamptes optree. Kleuterskool en naskole is normaal oop.
- Leerders wat die dag as toeskouers wil bywoon is welkom maar moet dit in hul skoolklere bywoon en is onder die toesig van hulle ouers.



**Donderdag 12 Februarie 2026**

**Baanitems**




- Geen skool vir al die Gr 1-7 leerders aangesien heelwat personeel afrigters is en as beamptes optree.
- Kleuterskool en naskole is normaal oop.
- Program begin 08:00
- Plek: Hoërskool Brandwag
- Daar sal wel toesig by die skool wees tot 13:00 vir ouers wat geen ander heenkome vir hulle kind/ers het nie.
- Leerders wat die dag as toeskouers wil bywoon is welkom maar moet dit in hul skoolklere bywoon en is onder die toesig van hulle ouers.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## Die res van die week is normale skooldae tot 13:00. Vanaf Maandag 16 Februarie 2026 is die skooltye weer normaal as volg:



| **Afdeling** | **Skooltye** |
|---|---|
| Kleuterskool | 08:00 - 13:00<br>(Personeel is reeds vanaf 07:00 aan diens) |
| Graad 1 & 2 | 07:30 - 13:00 |
| Graad 3 | 07:30 - 13:30 |
| Graad 4 - 7 | 07:30 - 13:50 |

## SKOOLSUSTER:

Die skoolsuster besoek die skool op **11 Februaie** vir al die **Gr. 5** dogters. Hierdie is die jaarlikse MPV inentingsveldtog vir die dogters se eerste inenting. Dit is **nie** verpligtend nie so u moet ‘n toestemmingsvorm invul en terugstuur. Die **Gr. 6 dogters** wat nog nie ingeent is nie het dan ook nou kans vir ‘n eerste inenting. Kontak Sonja vir enige navrae in hierdie verband.

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD








## MINI-NETBAL PROEWE:

Ons nooi alle belangstellende Graad 1 & Graad 2 dogters na ons mini-netbalproewe uit.

**Wanneer: 17, 18 en 19 Februarie**

**Tyd: 13:15 - 14:00**


Dogters moet al 3 dae bywoon om in ag geneem te word vir die oefenspanne.

Hou asseblief die klasgroepe dop vir meer inligting.

NUUSBRIEF 4 VAN 2026 *5 FEBRUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD







**Al die Maatjie Makiti en HOP kaartjieverkope vind plaas op die Karri App.**

**Die Maatjie Makiti se kaartjies sluit op 6 Feb @ 09:00 en dan sal die kaartjies na die klasonderwyser gestuur word om uit te deel voor die skool uitkom.**

**Die HOP-aand se kaartjies word ook deur die Karri App verkoop en sluit 13 Feb 09:00.**

**Leerders sal hulle kaartjie ontvang voor die skool uitkom.**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:

Ons is baie opgewonde oor vanjaar se Kaskar-fondsinsameling, wat op Donderdag, 23 April plaasvind. Ons tema is F1 Rynies Grand Prix. Elke graad word in F1 spanne gedeel. Daar is opwindende aktiwiteite en pryse. Kom neem deel en geniet dit.




**Die spanne is:**

- **Graad R - Cadillac**
- **Graad 1 – RedBull**
- **Graad 2 – Ferrari**
- **Graad 3 – Williams**
- **Graad 4 – Mercedes**
- **Graad 5 – Aston Martin**
- **Graad 6 – McClaren**
- **Graad 7 – Alpine**




**Borge:**

As deel van ons fondsinsameling, nooi ons ouers en borge vriendelik uit om 'n pit-stop of kaskar-karrretjie te borg. Sodoende lewer u ’n waardevolle bydrae tot die sukses van die geleentheid en maak u dit moontlik vir elke leerder om met entoesiasme en trots deel te neem.

NUUSBRIEF 4 VAN 2026 *5 FEBRUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**Inbetaling van fondse:**

Die inbetaling van fondse vind op die Karri-toep plaas of die kontant kan saam met die borgvorm gestuur word. Indien ‘n leerder ‘n volledige borgvorm ingee en nog ‘n borgvorm benodig kan hy/sy dit by Juf. Luvaine of Juf. Reené-Mari kry. Let asseblief daarop dat elke borgvorm weer terug skool toe gestuur moet word. Indien ’n borgvorm vol is, is die leerder meer as welkom om nog ’n vorm te kom haal.

Leerders word vir die gelukkige trekking ingeskryf vir elke R300 wat 'n leerder insamel. Die trekkings sal elke Maandag plaasvind.

**Deelname:**

Ons moedig al ons leerders aan om deel te neem. Die fondse wat ingesamel word, dra direk by tot die groei en volhoubaarheid van ons skool en die toekoms van ons leerders. Elke bydrae sal opreg waardeer word, daarom nooi ons ouers en plaaslike besighede hartlik uit om saam met ons 'n verskil te maak.

**Stalletjies:**

Indien u belangstel om 'n stalletjiehouer by die Kaskardag te wees, kontak vir juffrou Luvaine per e-pos (gr5graadhoof@rynfieldlaer.co.za). Die koste beloop R1000 per stalletjie en die stalletjiehouer hou alle wins. Dit is ’n uitstekende geleentheid vir ouers en besighede om hul produkte of dienste te bemark en terselfdertyd deel te wees van ’n opwindende skoolgeleentheid.



*Kaskargroete*

# RYNIENUUS




## LAERSKOOL RYNFIELD

**Koor:** Baie dankie aan al ons koormaats en ouers vir ‘n suksesvolle spanbou naweek. Dis ongelooflik hoeveel ons kon bereik in so ‘n kort tydjie. Onthou asb dat kooroefening en optredes bygewoon moet word om in aanmerking te kom vir toekennings aan die einde van die jaar.

**Redenaars:** Dankie aan al ons maats wat die jaar aan redenaars wil deelneem, die toesprake is baie oulik. Indien u kind nog wil deelneem, onthou asb om die toespraak in te handig vir goedkeuring. Die finale datum vir inhandiging is: 13 Februarie.
Ons wil ook al ons Graad 1 redenaarouers aanraai om by Juf. Barbara ‘n tydjie te reël sodat u kind hul toespraak kan oefen. Dis teen geen koste, skakel haar gerus op 083 600 5554.

**Public Speaking:** Vir al ons opgewonde maats en ouers wat die jaar graag in die Engelse afdeling wil deelneem, hier is ons 2026 temas. Toesprake kan al ingestuur word vir goedkeuring na Juf. Coffey.



| GRADE | THEME | TIME |
|---|---|---|
| GR. 1 & 2<br>GR. 3 | House, Plaster, Noise<br>Own choice of theme | 2 - 4 min |
| GR. 4 & 5 | Course, Fidget, Wriggle, Salt<br>Own choice of theme | 3 - 5 min |
| GR. 6 & 7 | Choose, Show off, Rebel<br>Own choice of theme | 4 - 6 min |



*Kultuurgroete, Juf. Coffey*

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Nuwe personeel:**

Baie welkom aan Me. Gerda Agrella en Me Nicolette Heyns wat hierdie week by die naskoolspan aangesluit het. Ons is opgewonde om julle as deel van ons span te hê en sien uit na ‘n jaar van saamwerk en groei.

**Interlaer:**

Dinsdag 10 Feb: Skool sluit 11:00 – Naskool oop vanaf 11:00

Donderdag 12 Feb: Slegs toesig by skool tot 13:00 – Naskool oop vanaf 13:00.




## SPYSKAART: NASKOOL

Maan. 9/2: Macaroni & kaas


Dins. 10/2: Burgers

Woens. 11/2: “Hotdogs”

Dond: 12/2: Aartappel “Spud” & slaai

Vry. 13/2: Tunabroodjies

- Elke middag vrug en sap



## SPYSKAART: SNOEPIE

Maan. 9/2: “T/s Bacon, egg & cheese”

Dins. 10/2: Slaai wraps

Woens. 11/2: Nachos

Dond: 12/2: “Slap Chips & Russians”

Vry. 13/2: Footlong combo @ R50.

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**


# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

